MEMORANDUM VAN HUUROOREENKOMS AANGEGAAN EN GESLUIT DEUR EN TUSSEN

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

(Hierna die VERHUURDER genoem)

en

WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT

(Hierna die HUURDER genoem)

NADEMAAL die Huurder 'n aansoek gerig het aan die Verhuurder vir die huur van 'n gedeelte van erf nr 409, Moorreesburg, (ongeveer 1 234 vierkante meter) aangetoon op die aangehegte plan gemerk aanhangsel "A", vir die doel om motorafdakke vir die berg van motors daarop op te rig.

EN NADEMAAL die Verhuurder toegestem het om die gesegde grond aan die Huurder te verhuur.

NOU DERHALWE word hiermee getuig dat die Verhuurder hiermee toegestem om te verhuur en die Huurder hiermee toestem om te huur die gesegde grond op die volgende voorwaardes:

1. Hierdie ooreenkoms sal wees vir 'n tydperk van tien (10) jaar gereken vanaf 1 Januarie 2013.
2. Die huurgeld sal R100,00 (eenhonderd rand) per jaar bedra gereken vanaf 1 Januarie 2013. Sodanige huurgelde sal gedurende die maand Januarie van elke jaar betaal word.
3. Die Huurder sal nie die reg hê om sonder skriftelike toestemming van die Verhuurder die regte onder hierdie Ooreenkoms te sedeer, af te staan of onder te verhuur nie.
4. Die Huurder sal nie reg hê om die gronde vir 'n ander doel dan vir die oprigting en aanbring van motorafdakke en berg van motors te gebruik nie.
5. Die Huurder sal nie gronde met 'n laag teer bedek en ten alle tye in 'n netjiese toestand hou.
6. Die Huurder onderneem om op versoek van die Verhuurder op koste van die Huurder van die grond te verwyder alles of enigiets deur die Huurder daarop aangebring of opgerig.

7. Die Huurder sal nie die reg hê om enige struktuur op die genoemde gronde op te rig sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Verhuurder nie.

8. Indien die Huurder in gebreke bly om die huurgelde op die datum waarop dit verskuldig is te betaal of om enige van die voorwaardes of kondisies uiteengesit in hierdie Ooreenkoms na te kom, sal die, Verhuurder die reg hê om sonder enige kennisgewing hierdie Ooreenkoms te kanselleer en om die nodige stappe te doen, om sonder enige benadeling van sy regte op vergoeding van die Huurder vir die genoemde verbreking of versuim, of herbesit van die gronde te verkry.

9. Die Huurder sal die reg hê om hierdie Ooreenkoms te kanselleer na een maand skriftelike kennisgewing aan die Verhuurder.

10. Die Verhuurder sal die reg hê om hierdie ooreenkoms te kanselleer na ses maande skriftelike kennisgewing van sy voorneme om die Ooreenkoms te kanselleer aan die Huurder.

11. Die Huurder sal alle koste verbonde aan die opstel van hierdie Ooreenkoms, asook die seëlregte betaalbaar daarop betaal.

12. Die Huurder sal verantwoordelik wees vir die betaling van Munisipale Eiendomsbelasting op die verhuurde grond.

ALDUS UITGEVOER en aangegaan te Moorreesburg op hierdie 7de dag van Maart 2014

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

_____

MUNISIPALE BESTUURDER
Namens die **WESKUS DISTRIKS MUNISIPALITEIT**

GETUIES:

1. _____

2. _____

_____

pp. **MUNISIPALE BESTUURDER**

Namens die **SWARTLAND MUNISIPALITEIT**

LIGGINGSPLAN VAN ERF 409, MOORREESBURG





SKAAL 1:1500 [A4]